Laerskool Rustenburg

# GRONDSLAGFASE - AKADEMIESE BELEID

**Leerders wat in aanmerking kom vir die Akademiese Merietetoekennings moet voldoen aan die volgende vereistes:**

**Vaktoekennings: (A4 Sertifikaat)**

- Akademiese toekenning vir Afrikaans met 'n gemiddeld van 80% en meer.
- Akademiese toekenning vir Wiskunde met 'n gemiddeld van 80% en meer.
- Akademiese toekenning vir Engels met 'n gemiddeld van 80% vir Gr. 2 & 3 en, 85% vir Gr. 1 en meer.
- Akademiese toekenning vir Lewensvaardigheid met 'n gemiddeld van 85% en meer.

**Spesiale toekennings: (A4 Sertifikaat)**

- Goue Toekenning: Indien 'n leerder 'n gemiddeld van 85% tot 89% vir al vier vakke nl. Afrikaans, Engels, Wiskunde en Lewensvaardigheid behaal.
- Platinum Toekenning: Indien 'n leerder 'n gemiddeld van 90% en hoër vir al vier vakke behaal.
- Die leerders se gemiddeld van al vier vakke word aanvullend op die merietesertifikaat aangebring. (Die vakke met die gemiddeld word nie afsonderlik op die sertifikaat aangedui nie, slegs by vaktoekennings)

**Toekenning vir veelsydigheid: (A4 Sertifikaat)**

- Leerders wat 'n Akademiese gemiddeld van minstens 80% behaal en deelneem in 'n minimum van 2 kulturele aktiwiteite asook 2 sportaktiwiteite, kwalifiseer vir die toekenning.

**Toppresteerder in die klas: (Geskenkbewys of kontant)**

- Die leerder met die hoogste Akademiese gemiddeld per klas.
- Die Akademiese gemiddeld van al vier vakke, vir kwartale 1-3 word bereken.
- Die leerder ontvang 'n geskenkbewys of kontant.

**Beste leser: (Boekprys)**

- Beste leser per klas.
- Word bepaal volgens die hoogste leesouderdom soos bepaal deur die eenminuutwoordleestoets en die toepassing van leesvaardighede.

**DUX Leerder - Toppresteerder per graad: (Erepenning of kontant)**

- Die leerder met die hoogste Akademiese gemiddeld per graad.
- Indien meer as een leerder per graad se gemiddeld dieselfde is, kry elkeen erkenning as die DUX Leerder.

**Interne prysuitdeling: (A4 Deelname sertifikaat)**

- Drie tot vyf toekennings per klas vir netheid en goeie vordering.

**Spogkaartjies**

Spogkaartjies vir leerders wie se gemiddeld merkwaardig verbeter het, word uitgedeel saam met leerders se rapporte. Die gemiddelde verbetering is 5% en meer.